

Gereformeerde Kerk Bellville – 28 Augustus 2016 – Oggend – Nagmaal

Sing vooraf staande: Psalm 93: 1,4 (p. 488)

- 1 Die HEER regeer. Die kleed van heerlijkheid
wat Hom omstraal, is enkel majesteit.
En deur sy krag, wat enkel triomfeer,
hou alles stand, dit wankel nimmermeer.

- 4 Al u getuig'nis, HEER, is gans getrou,
beloftewoord sal U vir altyd hou.
U tempel sal, wat ook om ons vergaan,
net soos u trou, onskendbaar bly bestaan.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 98:1, 2 (p. 488)

- 1 Sing nuwe lof aan God die HERE,
die God wat wonders het gedaan;
sy regterhand, vol sterkte en ere,
sy heil'ge arm bring redding aan.
Hy het sy heil en alvermoë
die volkere alom gemeld;
geregtigheid blink voor hul oë
soos sonnestrale oor berg en veld.

- 2 Hy het gedink aan sy genade,
sy trou aan Isr'el nooit gekrenk;
dit slaan die wêreldesinde gade
nou onse God sy heil ons skenk.
Juig voor die HEER met blye galme,
o ganse aarde, juig van vreug!
Meld vrolik in verhewe psalme:
dit is Gods heil wat ons verheug.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Skrifberyming 2-4:1, 3

- 1 Wat 'n liefde en volheidslewe,
waar ons bly ons in beroem,
het die Vader ons gegewe
dat Hy ons sy kinders noem!
Maar die wêreld weet van dié
wat uit God gebore is, nie,
het die kennis van die Heer nie
as hul hoogste goed begeer nie.

- 3 Wie die Midd'laar se verskyning
inwag uit die heiligdom,
soek van harte die verreining
wat daar uit sy sterwe kom.
Teen die sonde duur die stryd:
"Sonde is ongeregtigheid!
Maar ons lewe uit God gebore,
is tot heilig-wees verkore!

Gebed

Psalm 31:1, 4, 12 (p.143)

- 1 Net soos 'n rots, gesterk, gestewig
teen storm en ongety,
is U, o HEER, vir my.
Maak my tog nie beskaamd vir ewig.
Bevry my, hoor my bede
na u geregtighede.
- 4 Ek gee my gees oor in u hande,
my Redder, wat my trou
in veil'ge hoede hou.
Ek haat hul wat met offerbrande
hul neerbuig voor die gode.
Ek steun op God in node.
- 12 HEER, in u hande is my tye; ek steun in al my leed
op U alleen wat weet
die maat en einde van my lye.
Red my, o sielsverblyder,
van vyand en bestryder.

Skriflesing: Daniël 3:16-30

Kernverse: Daniël 3:25

Hy antwoord en sê: Kyk, ek sien vier manne los binne-in die vuur wandel sonder dat daar 'n letsel aan hulle is; en die voorkoms van die vierde lyk soos dié van 'n godeseun.

(Daniël 3:25 AFR53)

Tema: Daar is net twee belewenisse van God se koninkryk; Die gelowige se belewenis daarvan

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, ons het onself al so gewoon gemaak aan 'n magdom van keuses dat dit vir ons vreemd is as daar nie meer as twee dinge is om van te kies nie. Op die televisie kan jy kies van wie weet hoeveel kanale. Op die tydskrifrakke is daar 'n swetterjoel van tydskrifte waarvan ons kan kies. Ouers maak soms hulle kinders van kleinsaf groot met die gedagte dat daar baie is om van te kies. As die kind van groente hou nie kan hy maar kies wat hy graag wil eet, ma sal dit maar vir hom maak.

Hierdie oneindige hoeveelheid keuses wat ons kan maak, bederf ons. Ons wil nou ten opsigte van alles meer as twee dinge hê om van te kies. En as daar net een van twee is om van te kies, is mense sommer nukkerig. Hulle voel dan skielik verontreg. Vir ons lewe nou en vir die ewigheid is daar net een van twee keuses – die smal pad met die nou poort od die breë pad met die wye poort (Matt 7:13-14). Of jy dien die Here met jou hele hart, siel, verstand en al jou krag, of jy dien Hom nie. Daar is nie 'n middeweg nie. En aangesien daar net een van die twee gekies kan word, beteken dit dat jy ook net een van twee belewenisse van die koninkryk van God sal hê, of dit gaan vir jou 'n heerlike en God-vererende ervaring wees, of dit gaan vir jou voel of jy die heelyd teen 'n muur vasloop.

Broers, susters en kinders, Sadrag, Mesag en Abednego, het 'n heerlike en God-vererende belewenis van God se koninkryk gehad. Hulle het God se koningsheerskappy so beleef omdat hulle van jongsaf gelei is om naby die Here met die Woord van die Here in hulle hart te lewe. In die klein dingetjies wou hulle aan die Here getrou bly en met die krag van die Heilige Gees kon hulle dit regkry. Toe hulle in Babel gekom het as jongseuns het hulle besluit om ten opsigte van hulle kos steeds getrou te bly aan die Here. In plaas daarvan om kos te eet wat die oorblyfsels was van 'n afgodsoffer het hulle gekies om eerder groente te eet en water te drink. En die Here het hulle getrouheid aan Hom geseën. Hulle voorkoms het na net tien dae beter gelyk as die ander jongmanne s'n en die Here het hulle boonop met baie wysheid en insig geseën.

Later het hulle weer 'n ervaring gehad van God se heerskappy. Hulle en Daniël se lewens was in gevaar omdat Nebukadnesar se waarsêers nie sy droom en die uitleg daarvan vir hom kon vertel nie. Die jongmanne het egter geweet dat hulle God alwetend is en Hy is die enigste lewende God wat sy hele skepping regeer, ook vir Nebukadnesar. Daarom het hulle die Here om genade gesmeek oor die droom van die koning en die uitleg daarvan.

En die Here het hulle smeeke gebede verhoor. Die droom en die uitleg is aan Daniël openbaar. Die feit dat die Here hulle gebede verhoor het en die inhoud en uitleg van die droom aan hulle gegee het, het hulle laat besef dat hulle nie maar net in diens van koning Nebukadnesar is nie. Hulle is inderwaarheid in diens van die lewende God wat sy koninkryk hier op aarde vestig. Dit is 'n koninkryk wat vir altyd bly bestaan en Daniël en sy vriende is diensknegte in hierdie koninkryk van God.

As diensknegte van die lewende God het Sadrag en die ander twee vriende voor 'n groot toets te staan gekom. Hulle word gedwing en gedreig om voor die beeld van Nebukadnesar te buig en te aanbid. Nebukadnesar steur hom nie aan wat die Here gesê het nie. Hy gaan doodluiters voort om sy eie ou koninkryk op te rig. Hy daag God uit deur die gelowiges te dwing om sy afgod te aanbid.

Omdat die jongmanne gewillig gemaak is om onder die Here se koningsheerskappy te leef, het hulle beleef hoe die Heilige Gees hulle bemagtig om hulle monde oop te maak. Hulle het geweet dat niks vir God onmoontlik is nie. Agter hulle lê die geskiedenis van die Here met sy mense. Hy het vir Sara op 'n baie hoë ouderdom 'n kind gegee. Hy het sy volk droogvoets deur die Rooi See gelei, want Hy is God en niks kan Hom keer nie. Daarom is dit ook vir die Here moontlik om vir Sadrag-hulle uit die mag van Nebukadnesar en sy brandende oond te red.

Tog het Sadrag-hulle nie 'n waarborg gehad nie. As dit nie die Here se wil is om hulle lewend te bewaar in die vuur nie, sal hulle sterf. Dit gaan immers oor die Here die lewende God en sy koninkryk wat Hy op aarde aan die vestig is. Hy het gekies om hulle in sy diens te gebruik sodat Nebukadnesar kan sien wie die God is met wie hy te doen het. Aangesien dit God is wat met sy koninkryk besig is en Sadrag-hulle in diens van hierdie God en sy koninkryk is, het hulle ook laat blyk: selfs al sterf hulle in die brandende oond, moet Nebukadnesar weet dat hulle steeds nie sy afgod sal aanbid nie.

Natuurlik sou Sadrag-hulle lewend uit die brandende oond wou kom. Maar hulle kon nie self besluit wat die beste is vir God se eer en sy koninkryk nie, of hulle moet sterf en of hulle lewendig uit die oond moet kom nie. Hulle het vertrou dat die Here hulle sal beskerm teen die wreedheid en mag van Nebukadnesar, lewendig of dood. Die wysheid van hoe die Here hulle wil gebruik in sy diens, is sy wysheid en dit is volmaakte wysheid, want dit gaan oor God se heerlikheid en eer en koninkryk.

Ware gelowiges het 'n heerlike voorreg. Omdat Jesus Christus hulle van hulle sondeskuld verlos het en met sy kosbare bloed hulle gekoop het, is hulle nou eiendom van God – kinders van God. En aangesien hulle deel het aan die Heilige Gees wat op Jesus Christus gekom het, word hulle Christene genoem. Hulle staan dus in diens van die lewende God en sy koninkryk as konings, priesters en profete.

Wanneer jy dan 'n medegelowige sien teen die Here se Woord in sonde doen, moet jy as koning hom help om oor sy sonde te heers. Jy moet so iemand reghelp, omdat jy weet dat Jesus vir alle sondes aan die kruis betaal het. Daarom kan hierdie persoon ook met berou om vergifnis smee vir sy sondes. Wanneer jy iemand sien wat in nood verkeer, moet jy as priesters die liefde van Christus aan so 'n mens wys. Na gelang die vermoëns wat die Here vir jou gegee help om die nood te verlig. Wanneer 'n maat jou wil laat meedoen aan dinge wat jy weet verkeerd is in die oë van die Here, moet jy as profete die Here se Naam hoog hou en wegbly van sulke verkeerde dinge en jou maat ook leer om daarvan weg te bly.

Hierdie dienswerk wat Christene in God se koninkryk verrig, is nie maklik nie. Ons sal miskien eerder daarvan af wil terugdeins, want ons wil nie verkleineer word nie. Ons wil nie uit 'n vriendekring uitgeskruif word nie. Maar dan moet ons onthou, dit gaan nie oor ons nie, maar oor die Here en sy koninkryk. Of ons ongeskonde uit so iets gaan kom, is nie ter sake nie, want die Here het ons in sy diens geneem omdat Hy 'n saak het met die mens voor ons. Die Here wil hê dat ook hierdie mens Hom sal eer as God en sal raaksien dat die Here se koninkryk 'n heerlike koninkryk is, want God regeer daarin vir altyd.

Die heerlike van om in God se koninkryk diensbaar te wees, is om te weet dat 'n mens in daardie moeilike tyd nie alleen is nie. Sadrag-hulle het dit ook beleef. Toe hulle in die brandende oond val, was daar 'n godeseun saam met hulle daar. Dit is nie iets wat hulle drie na die tyd vir ander mense vertel het nie, dit is wat Nebukadnesar self gesien het. En ons kan aanvaar dat hierdie goideseun 'n engel van die Here was of selfs nog die Seun van God self. Die Here gee immers hierdie belofte aan sy kinders: As jy deur water moet gaan, is Ek by jou, deur riviere, hulle sal jou nie wegspoel nie; as jy deur vuur moet gaan, sal dit jou nie skroei nie, die vlamme sal jou nie brand nie, want Ek is die Here jou God, die Heilige van Israel, jou Redder (Jes 43:2, 3). In daardie stadium wat dit vir ons voel, maar ons sal nooit regkry om ons diens aan die Here te gee sodat sy koninkryk bevorder kan word nie, mag ons bid dat die Heilige Gees ons sterk sal maak en ter wille van sy heilige Naam sal die Here dit doen. Hy gee sy Heilige Gees en genade aan hulle wat sonder ophou daarom smee en daarvoor dank.

Ja, die Here het Sadrag-hulle so beskerm dat hulle ongedeerd rondbeweeg het in die vuur en ook lewendig uit die vuur kon kom. Maar dit was nie omdat dit Sadrag-hulle was nie, maar omdat die Here vir Nebukadnesar daartoe wil bring dat hy sal besef dat die Here se koninkryk nie gekeer kan word nie. Nebukadnesar moes besef dat Sadrag-hulle se God nie maar net die hoogste God van al die gode is wat hy ken nie, maar dat Hy die enigste lewende God is.

Dit is inderdaad wat die Here met Nebukadnesar, hierdie harde en wrede koning van Babilonië reggekry het. Deur hierdie wonder van verlossing wat die Here met Sadrag-hulle gedoen het, het Hy vir Nebukadnesar daartoe gebring om meer eer aan Hom te gee as wat hy vroeër bereid was om te gee. Vroeër het Nebukadnesar maar net gedink dat God die grootste God van alle gode is. Na hierdie wonderwerk het Nebukadnesar daartoe

gekom om almal in sy koninkryk te waarsku dat niemand minagend van die God van Sadrag, Mesag en Abednego mag praat nie.

Sadrag-hulle het 'n heerlike en God-vererende belewenis van God se koningsheerskappy beleef. Van die dag af dat hulle as jongseuns in die paleis van Nebukadnesar in Babel aangekom het, het die Here hulle toegerus en voorberei om 'n onwrikbare standpunt in te neem vir hulle God. Omdat hulle gelowiges was, was hulle in diens van die Here en sy koninkryk. En danksy die werking van die Heilige Gees in hulle het hulle die diens aan die Here en sy koninkryk met onderskeiding uitgevoer. En die heerlikheid daarvan, was nie maar net dat hulle lewend uit die vuur kon stap nie, maar dat hulle vir Nebukadnesar, wat gedink het dat hy die mag oor lewe en dood in sy hande het, kon hoor sê: Niemand mag ooit weer minagend van die God van Sadrag-hulle praat nie.

Ons almal het hierdie heerlike voorreg om in diens van God en sy koninkryk te mag staan. Dit is nie net predikante, ouderlinge en diakens wat in hierdie diens mag staan nie, maar elke liewe kind van God. En ons staan nie maar net vir 'n tyd lank in diens van die Here en word dan later daaruit ontslaan of tree af nie. Van die dag af dat ons verlos is en dit weet, is ons in sy diens. Al die onderrig wat die Here ons gee deur die talle Woordverkondigings wat ons mag hoor en ons eie Bybelstudies saam met al die ondervindings wat elkeen in sy lewe het, is die Here besig om ons toe te rus en voor te berei vir elke nuwe dienswerk wat ons het in sy koninkryk.

Ons staan dus nie agter Sadrag-hulle wanneer dit kom by die diens aan die Here en sy koninkryk nie. Ons het ook nie minder aan toerusting as hulle nie. Inteendeel, ons is in die bevoorregte posisie om te weet dat dit wat die Here oor die koms van sy koninkryk aan hulle geopenbaar het en waarvan hulle nog maar net die begin kon sien en beleef, kan ons uit die Bybel na lees en sien dit is al duideliker aan die gebeur. Jesus Christus het sonder die toedoen van mens sy voete hier op aarde neergesit. In Hom het die koninkryk van God helder en duidelik deurgebreek. En met sy Gees en Woord bemagtig Hy elke kind van God om die koninkryk van God nog verder duideliker te maak.

Dink net aan die heerlike gevolge wat ek en jy mag beleef wanneer ons net gehoorsaam aan die Here ons opdrag as konings, priesters en profete van die Here uitvoer. Daardie mense vir wie ons miskien nou nog skrikkerig is sal deur jou optrede en woorde daartoe kom om aan die Here meer eer te gee as wat hulle vroeër bereid was om te gee. Dit mag selfs gebeur dat jou optrede in die diens van die Here daardie een ding is wat die Here nog wil gebruik om die ander persoon tot volle oorgawe aan Hom te bring. Sal dit nie heerlik wees om te weet dat ek en jy instrument was waarmee die Heilige Gees nog een mens tot aan die voete van Jesus Christus gebring het nie. Dan kan ons God maar net dank dat Hy ons wat soms so krom en skeef kan wees, juis vir sy eer en heilige Naam gebruik het.

Hierdie soort belewenis van God se koninkryk wil die Here elkeen sy kinders gee. Daardeur bring ons aan Hom die eer en weet ons dat ons lewens, hoe belangrik of onbelangrik dit vir ander mense ook al mag wees, het werklik betekenis in God se koninkryk gehad. Mag die Heilige Gees elkeen van ons so lei om dag na dag so 'n belewenis van God se koninkryk te mag hê. Want die alternatief vir hierdie belewenis is die een waarin die mens hom telkens vasloop teen die lewende God.

Amen!

Gebed

Psalm 121:1, 2 (p. 608)

- 1 Ek hef my oë bergwaarts heen
en staar die ure om,
tot my verlossing kom.
My hulp is van die HEER alleen.
Hy, oor my lot bewoë,
is eind'loos in vermoë
- 2 Bedreig gevaar jou reispad ooit -
Hy is dit wat jou voet
vir wankeling behoed.
Hy, Isr'els wagter, sluimer nooit.
Die HEER is jou ontfermer,
jou skadu en beskermer.

Formulier vir die viering van die heilige nagmaal

Psalm 23:1, 3 (p. 107)

- 1 Net soos 'n herder uittrek met sy skape
en hul laat neerlê in die veld van milde groen,
met sagte hand hul lei langs stille waters -
so is die HEER, so het Hy ook aan my gedoen:
Hy laaf my siel en lei my swakke skrede
in vaste spoor van sy geregtighede.
- 3 U bring vir my die tafel in gereedheid,
my hoof druipe olie en my beker vloei van wyn,
'n bron van goedheid stroom vir my gedurig;
dit is my gees 'n vreug, my vyande 'n pyn;
dit kroon my lewe met u welbehag;
en in u huis, daar bly ek al my dae.

Aan tafel: Psalm 116 (p. 569)

Met die terug beweeg: Psalm 118 (p. 575)

Psalm 121:3, 4 (p. 608)

- 3 Die son wat bo jou trekpad staan,
sal jou nie steek by dag;
die maan ook nie by nag.
Die HEER sal met jou samegaan.
Hy, Israels ontfermer,
is altyd jou beskermer.
- 4 Die HEER sal jou bly gadeslaan;
in onheil en gevaar
sal Hy jou siel bewaar.
Wanneer jy uit of in mag gaan -
Hy, Israels ontfermer,
is ewig jou beskermer.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
28 Augustus 2016